

FEITEBLAD NO. 6: ORGANIESE GEWASPRODUKSIE VIR VEEVOER

Inleiding

Sertifisering van organiese produkte vereis dat die hele waardeketting waarin dit geproduseer word, geassesseer en gesertifiseer moet word. Vir 'n produk om 'n etiket te mag dra 'gesertifiseerd organies', moet beide die produsent en verwerker verseker dat produksie aan organiese standaarde voldoen. Daar mag geen risiko van kontaminasie deur skadelike chemikalieë of geneties gemodifiseerde organismes (GMO's) wees nie. Organiese landboupraktike en -standaarde word gebaseer op en gerig deur die vier beginsels van organiese landbou: Gesondheid, Ekologie, Billikheid en Sorg.

Hoekom organiese voer vir organiese diere?

Vir organies bestuurde vee om gesertifiseer te word, moet 'n boer kan aantoon dat diere slegs gesertifiseerde organiese voer gevreet het, hetsy gras of byvoeding, en nie enigiets van konvensionele bronne (bv. afkomstig van GMO's of gekweek met chemiese kunsmis en plaagdoders nie). Ideaal gesproke kry diere wat organies bestuur word voer wat op die plaas gekweek word, maar gesertifiseerde voer van ander bronne mag ingekoop word. Aangesien die Namibiese organiese sektor nog aan't ontwikkel is, maak die standaarde voorsiening vir tot 10% droëmateriaal vir herkouers en 15% van droëmateriaal vir nie-herkouers wat jaarliks van konvensionele, nie-GMO-bronne verkry mag word. Sertifiseerders mag 'n groter persentasie toestaan in individuele gevalle van nood- of natuurrampe. Ruvoer en byvoeding moet aangepas word by die dieetbehoefte van die spesie, met herkouers wat hoofsaaklik ruvoer (insluitend natuurlike gras) behoort te vreet.

Organiese gewasproduksie vir veevoer

Indien diere nie deur die natuurlike omgewing op die plaas onderhou kan word nie, is die ideaal dat bykomende voer en ruvoer op die plaas geproduseer word ten einde direkte en omgewingskoste te vermy wanneer die voer van ander dele van die land of streek aangery moet word. Aangeplante weiding kan natuurlike veld aanvul en diervoeding verbeter. Hierdie weiding word deur organiese beginsels bestuur. Bewerkbare gewasse wat verbou kan word, sluit in mielies, sorghum, babala, lusern, swartbekboontjies, hawer, sonneblomme, sunhennep, mucuna/fluweelbone, lablab en duiweboontjies. Gewasproduksie vir veevoer gebruik organiese plantproduksie beginsels. (Sien NOA Guide Organic Crop Production vir verdere leiding oor standaarde en Feiteblad #5 oor alternatiewe voerbronne vir vee.)

Grondvrugbaarheidsbestuur

Organiese boerdery gee mikrobiiese, plant- of dierlike materiaal terug aan die grond om die vrugbaarheid en biologiese aktiwiteit daarvan te verhoog. Grondgesondheid en -kwaliteit is die basis van goeie bodembestuurpraktike en is krities vir suksesvolle plaag-, siekte- en onkruidbestuur. Deurdat organiese boerdery fokus op die versorging van die grond en die omliggende ekosisteme, word



ondersteuning gebied aan 'n verskeidenheid spesies, gebaseer op die herwinning van voedingstowwe, en word grond- en voedingstofverliese sodoende teëgewerk.

Tussenverbouing

Monokulture is meer geneig tot plaë en siektes aangesien hul makliker posvat in 'n stelsel waar dieselfde gewas jaar-tot-jaar verbou word. Polikulture of tussenverbouing word dus aangemoedig in organiese gewasproduksiestelsels, sowel as die aanplant van plaagwerende plante tussen of aan die buitekant van die hoofgewas. Wissel die aanplantings met stikstofbindende peulgewasse om grondvrugbaarheid te verhoog.

Wisselbou

'n Wisselboustelsel is 'n belangrike deel van plaag/siekte bestryding en grondvrugbaarheidsbestuur by organiese landbou. Wisselbou en tussenverbouing kan óf in kombinasie met mekaar óf op hul eie gebruik word, solank 'n spesifieke land nie net jaar-tot-jaar met 'n enkele gewas bedek word nie.

Dekgewasse & groenbemesting

Dekgewasse moet gedurende die nie-groeiseisoen op die hoofland gekweek word om te verseker dat die grond bedek is. Dekgewasse kan gebruik word as veevoer of as groenkompos wat weer in die grond ingewerk word voordat die hoofgewas in die nuwe seisoen verbou word. Boere gebruik dikwels 'n mengsel van grane (bv. rog), radyse en 'n peulgewas (bv. klawer) as dekgewasse omdat dit mekaar goed aanvul in terme van voedingstowwe. Ander geskikte dekgewasse is fluweel/mucunabone (hoë biomassa-produksie met min waterbehoefte) en swartbekboontjies (veral rank variëteit).

Deklaag

Die gebruik van 'n deklaag is kern belangrik in organiese landbou aangesien dit die grond beskerm teen onnodige waterverlies en uiterste temperatuurskommelings. Grondmikro-organismes is uiters sensitief vir die dag/nag temperatuurskommelings, wat algemeen in 'n land soos Namibië voorkom. Met deklaag wat as 'n beskermende bedekking dien, is daar minder verdamping uit die grond – dit beteken minder waterverbruik, wat baie belangrik is in hierdie droë land. Deklae beskerm ook die grondoppervlak teen wind- en watererosie (tydens byvoorbeeld swaar reënbuie). Deklaagmateriaal kan op en om die plaas versamel word, veral blare en droë gras. 'n Deklaag van droë materiaal help ook om termiete te bestuur omdat hulle droë materiaal bo vars plantmateriaal verkies en nie lewende plante sal aanval as hulle droë materiaal beskikbaar het nie.

Organiese bemestingstowwe

Die gebruik van organiese bemesting word aangemoedig – verkieslik op die plaas vervaardig met materiaal vanaf die plaas. Die gebruik van sintetiese kunsmis word nie onder organiese standaarde toegelaat nie. Natuurlike minerale kan bygevoeg word om grondvoedingstowwe te balanseer. Organiese bemestingstowwe wat op die plaas gemaak/gekweek kan word, sluit in kompos, tees van kompos en plante, mis en groenkompos.

Integrasie van vee in gewasproduksie

Die integrasie van vee in gewasproduksiestelsels word aangemoedig en kan bewerkstellig word deur vee ná oes in saailande toe te laat waar hulle die oesreste kan vreet en sodoende die land bemes, wat weer grondvrugbaarheid verbeter. Pluimvee of varke kan ook in gewas- en groenteproduksiestelsels ná-oes gebruik word vir onkruid- en voedingstofbestuur. Sogenaamde hoender/vark-trekkers kan gebruik word om hulle tot sekere gebiede te beperk.

Organiese plaag- en siektebestuur

Plaag- en siektebestuur in organiese landbou fokus op die bou en instandhouding van grondvrugbaarheid. Gesonde grond laat plante floreer, en hulle is minder geneig om deur plaë en siektes aangeval te word. Gesonde plante het 'n hoë suikerinhoud (soos gemeet aan die Brix-waarde), wat insekte nie in staat is om te verteer nie. Organiese gewasse bevorder biodiversiteit deur tussenverbouing, begeleidende plante, heinings en buffersones wat habitate bied vir helper-insekte wat as natuurlike plaagbeheer dien. Plaagbestuur word bewerkstellig deur voorkoming, gereelde monitering vir plaë en siektes en, as 'n laaste uitweg, beheermaatreëls in die volgende volgorde: meganies, biologies, chemies (met behulp van middels wat volgens organiese standaarde toegelaat word). Ekologiese benaderings word aanbeveel, soos die druk-trek-stelsel vir mielies om skubhaar-onkruid, kommandowurm en stamboorder-aanvalle te bestuur. Onkruid word met die hand en deur dekgewasse beheer. Met verloop van tyd lei organiese gewasproduksiestelsels tipies na 'n vermindering in onkruid.

Sade en gewasvariëteite

Nie-GMO-sade word gebruik vir die verbouing van gewasse. Gewasvariëteite moet gekies word op grond van hul geskiktheid vir die plaaslike omgewing – daarom is plaaslike variëteite gewoonlik die beste. Ideaal gesproke moet sade nie behandel word nie. Aangesien onbehandelde sade nie in kleinhandelwinkels beskikbaar is nie, laat organiese standaarde onder Namibië se organiese regulasies wel die gebruik van behandelde sade toe.

Bewaring/berging van voer en ruvoer

Geoeste aanplantings en ruvoer kan gestoor word deur droging (hooi), kuilvoerfermentasie (sonder chemiese bymiddels) of deur te maal vir beter vertering. 'n Alternatief is om sade ná die oes te berg en dit dan voor voeding te laat ontkiem om die voedingstofinhoud te verhoog. Sulke sade vir veevoer is tipies gars, hawer en koring, maar kan met enige saad gedoen word. Hierdie spruite het 'n hoë voedingsinhoud en kan die hele jaar binne 'n waterdoeltreffende stelsel geproduseer word wat nie sintetiese kunsmis of plaagdoders nodig het nie. Geoeste aanplantings en ruvoer mag nie met giftige stowwe geberg word wat dit kan besoedel nie en dit mag nie met chemikalieë behandel word om plaë te beheer nie.

Lewering van voer

Tydens aflewering op die plaas mag voer en ruvoer nie met enige chemikalieë op sleepwaens of voertuie besmet word nie. Dit is ook van toepassing op enige voer en ruvoer wat vanaf buite bronne ingebring word.

Ontmoet NOA – Die Namibiese Organiese Assosiasie

NOA is 'n lidmaatskap-gebaseerde organisasie wat in 2009 op die been gebring is deur 'n groep dinamiese produsente en verbruikers, met die gemeenskaplike doel om die organiese landbousektor in Namibië te bevorder.

Ontmoet KHSA – die suider-Afrikaanse kerngroep kundiges oor organiese landbou

KHSA vorm deel van die Afrika-projek met 'n soortgelyke missie (KCOA), wat lande saamsnoer in 'n vennootskap befonds deur die Duitse federale ministerie van ekonomiese samewerking en ontwikkeling (BMZ) en wat geïmplementeer word deur die Duitse genootskap vir internasionale samewerking (GIZ) asook nieregigeringsorganisasies. Die projek moedig organiese landboupraktyke aan deur middel van vyf kundighedsorganisasies in Afrika. Die suider-Afrikaanse kundigheds-groepeerling (KHSA), fokus op Zambië, Suid-Afrika, Malawi en Namibië (gelei deur die Namibia Nature Foundation en NOA). Meer inligting is beskikbaar by die KHSA projekbestuurder vir Namibië: noa@nnf.org.na.

© Namibian Organic Association, 2022.

This factsheet was funded by the Namibian Organic Association as part of the Knowledge Hub for Organic Agriculture in Southern Africa (KHSA). This knowledge product can be copied, reproduced, adapted, translated, used to make derivatives and disseminated for not-for-profit and/or educational purposes only. It cannot be used for commercial purposes in any way, shape or form.



For the full copyright statement scan the QR code.